



Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

11 Mei 2014

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Mattheus 24:1-14;

Markus 13:1-13

Teks: Mattheus 24:3,13-14;

Markus 13:3-4,10

Sing: Ps. 89:1,3; Ps. 90:9; Ps. 122:1;

Ps. 48:5

JY MOET NUGTER WEES EN BLY

*Kyk, julle huis word vir julle woens gelaat! Dit was 'n skok. Ooglopend was dit vir hulle nog erger as die weë julle-uitsprake... Daarom dat hulle die Here die oomblik as hulle weer buitekant die tempel kan kom, hulle kry weer die geheel in die oog, dan voel hulle gedring om darem die Here daarop te wys- Hierdie is darem 'n indrukwekkende gebou. Hier is groot mensewerk gedoen. Groot klippe wat hierop mekaar lê wat hulle nie dink sommer net so verwoes kan word nie. In Markus 13:1 is dit ook wat hulle probeer sê- *Meester, kyk watter klippe en watter geboue!**

KATKISASIE— Katkisasie gaan voort
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet
beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)

Skriflesing: Efesiërs 2:1-13;

Romeine 8:7-8

Nederlandse Geloofsbelydenis :

Artikel 14

Teks: Efesiërs 2:1,3

Sing: Ps. 18:14,16; Ps. 19:7; Ps. 32:1

IS JÓU WIL WAARLIK VRY?!

Is dit nie maar hoe baie van die moderne mense vandag hulle vryheid wil ultiem nie, dat ek kan kies, dit is my reg en niks en niemand het iets daarvoor te sê nie. Mense met liggame deur tatoeëermerke oortrek, mense met ringe van allerhande groottes en kalibers deur verskillende liggaamsdele gesteek. Hulle is in baie opsigte die spieël van hierdie mens wat glo hy is reg en ek is vry. 'n Ontaarde mens wat in sy ontwaarding erger word...

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan

gelees word by <http://bit.ly/12P9mzi>

Predikant:

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

pjventer@gkpretoria.org.za

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 4 en 5 (sluit in susters skinkbeurt)

Ouderlinge: Steve Joubert en Frik Eloff

Diakens: Johan Wolmarans en Wynand Du Venage

Diensbeurt (18/05) (Wyke 6 en 7)

Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico van der Dussen

Diakens: Alwyn Wolmarans en Reuben Grobler

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Dries de Ridder bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Ons broeder gaan deur baie swaar tye. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaen bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. Die beplanning is dat ds. Andries weer DV op 22 Mei geopereer sal word. Ons gebed is dat die Here in alles met hom sal wees. **Sr Joey Klomp** wie in hierdie tyd in die hospitaal was word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Danie Theunissen** se broer (tegelyk **sr Susan Nienaber se swaer**) is baie ernstig siek. Ons bid vir hierdie families in hierdie tyd. **Sr Janet Riekert** wat geval en haar enkel op drie plekke gebreek het, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds kon plaasvind. Ons vertrou dat die tyd van genesing geseënd mag wees. Sy is tans op die stadium by haar dogter in Bloemfontein. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

65+ FUNKSIE

Daar sal weer DV op 17 Mei 'n byeenkoms van die 65+ lidmate wees. Dit vind by ons kerkgebou plaas. Almal wat graag wil kom, moet die kosterwoning skakel. (012-3233194/ 0823426178) U kan ook as u vervoer benodig dit aan br Flip/sr Marietjie deurgee. Die tema is RAAI raai! Die tyd is 9h30 vir 10h00.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Sustentasie
2de diens	DVB	Instand-houding
18/05/2014 1ste diens	DVB	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
15/05	Oudl vergd
18/05	Voorbereiding
25/05	Nagmaal
29/05	Hemelvaart (Erediens 18h30)

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderkhuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink...

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 16

16:14-15, Sommige . . . Die Dissipels antwoord dan wat gehoor word uit die volksmond. Hulle besef nie dat Jesus hulle wil beweeg om 'n eie belydenis te formuleer nie. Dit is duidelik dat die mense Hom en Sy prediking hoog geag het, maar Hom nie as die belofde Messias gesien het nie.

Beide die feit dat Jesus nie getoon het dat Hy nou besig is om Israel te monster vir 'n nuwe koninkryk nie en dat die mense deur die Fariseërs in twyfel gedompel is, het hierdie ongeloof veroorsaak.

Dan kom Jesus by Sy doel: **“Maar julle”** . . . Uit wat Hy al verkondig en gedoen het moes hulle immers op die spoor van die vervulde profesieë gekom het. Kon hulle die natuur van Christus se werk al verstaan ?

16:16, U is die Christus – Al sou die volle betekenis van die belydenis van Jesus as **die belofde Gesalfde** nog lank baie vaag by hulle wees, weet hulle tog wat die profete gesê het. *Totius noem hierdie die grondleggende belydenis, en “die hoogtepunt van die Evangeliegeskiedenis.”* Ander sien dit as ook so en noem dit die fondament van die Christelike godsdiens.

Na hierdie teks het Totius verwys in 'n gesprek oor sensuur. Die tug is 'n geestelike saak wat nie gewoonweg dwang en straf beteken nie. Dit gaan gepaard met oortuiging, geloof, goedwilligheid, vryheid, liefde en dus werk dit alleen met geestelike wapens. Joh 8:32; 2 Kor 3:17 word ook na verwys. Totius wou hiermee waarskynlik beduie dat Jesus hier met liefde die belydenis by Petrus gewek het, en dat die ware belydenis deel is van die geestelike werkwyse wat deur die geloof kom.

[Die Christelike vermaning of tug is dus in die eerste plek nie **dwingend** nie, maar **oortuigend**.]

Hy verwys ook na hierdie teks in 'n artikel oor Christusprediking: Met die einde van Sy bediening wat nader, het Jesus die twaalf afgesonder om hulle verder te leer. In hierdie heidense landstreek met sy natuur-verering moes die belydenis kom dat alleen deur die Evangelie van Jesus Christus die afgodsdienstry bestry kan word.

In wese is die mens en die mensheid vandag nog dieselfde. Eiewillige godsdiens is so sterk soos altyd in die verlede. Afgodsdienstry is oral, ook in die evolusionisme wat 'n natuur-verafgoding is, los van God die Skepper. Mense-verering het van die begin af bestaan (Gen 4, 11, ens). Daarteenoor moet ons slegs die Seun van die mens as Verlosser

er ken, ons Here en Middelaar, “die Christus, die Seun van die lewende God.”

Vanuit v 16 het Totius ook gewys op die feit dat Christus voorwerp van aanbidding kan wees. Hierdie aanbidding is gewortel in die belydenis van Sy Godheid. Thomas juig later: “My Here en my God !” (Joh 20:28). Die Dissipels het Hom aanbid (Mat 28:17).

Die lewende God – Teenoor die heidene, wat oral denkbeeldige afstamming van hulle konings veral gesien het, dat hulle seuns van gode is, word Christus as Seun van die **alleen-ware**, lewende God bely. Die belydenis van Petrus is van groot belang saam met alle ander dele in die Skrif wat ons bring by die kennis van die Godheid van die Seun.

16:17, Salig is jy – Hierdie saligspreking is nie net vir Petrus nie, maar vir almal wat dit tot hulle redding gaan glo.

Vlees en bloed – Sonder God se openbaring sal niemand tot hierdie geloof kan kom nie.

16:18, op hierdie rots – Christus gebruik hier 'n woordspeling, want Petrus se naam beteken ook “rots”.

Die Roomse het hierdie woorde van Christus gaan verdraai, deur dit letterlik op Petrus toe te pas. Vir hulle is Petrus as die rots aangewys, en volgens hulle tradisie was Petrus die eerste “biskop” van Rome. Daarom is die hele Kerk van Christus vir hulle op net een mens gebou. Daarteen kan ons sê:

1. Ons weet dat van vroeg in die geskiedenis van die Kerk af al ander predikers (“biskoppe”) in Rome was. Paulus het geskryf aan gevestigde gelowiges daar. Buite-Bybelse oorlewerings het vertel dat hy wel ook na Rome gegaan het, maar of dit bewys is, weet ek nie (H de V). Die storie is ook dat Petrus as markelaar daar gekruisig is. Hy sou homself toe as onwaardig beskou het om soos Christus gekruisig te word, en is op sy versoek glo onderstebo aan die kruis gehang. [Laasgenoemde noem ek by, om te beklemtoon watter afmetings die ou oorlewerings soms aangeneem het.]

2. Die Roomse aannames oor Petrus wiersprek ook ander woorde van Jesus, naamlik dat die Kerk gebou sal word op die **fundament van die prediking van die Apostels**. Die **meervoud** is gebruik, wat dui op **al** die Apostels se verkondiging – nie net Petrus nie. Hy is nie 'n “alleen-rots” nie.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Mei 1882– Hollands toegelast in Kaapse parlement; *5 Mei 1861*– Ingebruikneming van eerste kerkgebou in Burgersdorp; *5 Mei 1975*– SAUK begin met proef televisie-uitsendings in SA; *7 Mei 1880*– tweetoringkerk in Bloemfontein in gebruik geneem; *9 Mei 1872*– Danie Theron gebore; *9 Mei 1883*– Paul Kruger as staatspresident ingesweer; *10 Mei 1945*– Sanger Kooos du Plessis gebore; *12 Mei 1898*– Paul Kruger die laaste keer as staatspresident ingesweer; *12 Mei 1652*– Die eerste Nagmaal in SA bedien deur ds. J Backerus; *12 Mei 1859*– Geref kerk Reddersburg gestig; *14 Mei 1699*– Goew Rijk Tullbach gebore; *14 Mei 1996*– Skrywer Elsabe Steenberg oorlede; *22 Mei 1875*– Dr. DF Malan gebore; *22 Mei 1879*– Ds. Dirk Postma as Teol prof. bevestig; *26 Mei 1794*– Ds. Andrew Murray gebore; *27 Mei 1564*– Johannes Calvyn oorlede; *28 Mei 1856*– Nonnie de la Rey (Greeffegg Kooos de la Rey) gebore; *28 Mei 1911*– Ds. SJ du Toit oorlede

IS MENSE RYP VIR GEREFORMEERDE GETUIENIS (2) – deur prof. GJC Jordaan*Vervolg van verlede week***Die samelewing ryp vir 'n gereformeerde getuienis?**

Die gereformeerde leer staan op die Bybelse getuienis van die verdorwenheid van alle mense. Die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus begin by die ellende van die mens; dat die mens so verdorwe is dat ons geneig is tot alle kwaad, tensy ons deur die Gees van God weergebore word (So. 3). Die eerste woorde van die Dordtse Leerreëls is: "Alle mense het in Adam gesondig en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak." Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis handel in artikels 14 en 15 oor die aangebore boosheid wat uit die mens "opborrel soos water uit 'n giftige fontein". Daarin praat ons belydenisskrifte die Bybel na (byvoorbeeld Job 16:4; Ps. 14; Rom.7:23).

Vir die humanisme is hierdie gereformeerde mensbeeld onaanvaarbaar.

· Dit is vernederend vir die mens om te hoor dat hy uit homself tot niks goeds in staat is nie. Veel eerder ontvang hy die goeie getuigskrif van die humanisme wat vertel hoe goed die mens in homself is.

· Die mens ervaar die gereformeerde leer van bekering van bose werke en heiligmaking as 'n beperking op sy eie begeertes. Daarom skaar hy hom veel eerder by die humanistiese strewende na vryheid van spraak, vryheid van godsdiens en ander vryhede van optrede.

· Ook word alle vorme van gesag bevraagteken, verwerp en selfs afgetakel. Die mens van die humanisme het mos nie inherente boosheid wat betuel moet word nie: hy is mondig om self te besluit wat hy wil en mag. Daarom het hy nie owerhede en gesag oor hom nodig nie. By 'n samelewing wat deur sulke humanistiese denke deursuur is, val elke eg gereformeerde getuienis op dowe ore. Mense wat vyandig staan teenoor die gedagte dat die mens in homself verdorwe is, verwerp ook die res byvoorbaat. Dit lyk werklik of die Suid-Afrikaanse samelewing nie ryp is vir 'n gereformeerde getuienis nie.

Word vervolg

14/05– Esmé Badenhorst 0826124244	16/05– Amanda Tromp 0798762930
14/05– Helen Schutte 0837554800	16/05– Ria van der Linde 0798739305
15/05– Maryna Kendrick 0827677639	18/05– Dirk Badenhorst (sr.) 0822638792
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

**Bate geluk met
u verjaarsdag**